# Dit was nog altyd só . . .

# Die kinders is vriende met hul eie soort

**Suid-Afrika sal binnekort die pad moet loop van oop skole vir alle rasse. In Namibia is skole al sedert die begin van die jaar oop vir almal. Pearlie Joubert het onlangs met skoolkinders, skoolhoofde en die Departement van Opvoeding in dié jong onafhanklike staat gaan gesels.**

"AAN die begin was 'n paar kinders vyandig . . . daar was selfs 'n paar 'fights'," sê 16-jarige Johann du Preez, 'n standerd agt-leerling aan die Sekondêre skool Swakopmund, "maar nou aanvaar die kinders mekaar en is dinge maar soos altyd."

Johann sê dit is baie voordelig dat skole oopgestel is "omdat meer mense nou die kans sal hê om werk te kry omdat hulle 'n beter opleiding ontvang".

Sowat 40 uit die net meer as 300 kinders in sy skool is swart.

Volgens Johann is min wit en swart kinders vriende hoewel daar nie meer rassekonflik is nie. "Die kinders is maar vriende met hul eie soort."

Hy sê daar is 'n paar onderwysers wat rassistiese opmerkings maak. "Die een onderwyser het aan 'n swart leerling 'n leër gegee en gesê sy weet wat in die leër is en hy mag niks daaruit steel nie. Sy sou dit nooit aan 'n wit kind gese het nie."

Hy sê ongeveer 30 kinders se ouers het hulle na die wit skool in Walvisbaai gestuur.

Christo la Cock van dieselfde skool sê die oop skool pla hom niks omdat hy dit verwag het.

"Dit maak mos nie saak dat die skool oop is nie, hulle mag ook leer waar ek leer, want hulle is ook mos mense soos ek. Aan die begin het kinders grappies gemaak oor die swart kinders en soms in die klas het iemand 'kaffer' gesê."

Volgens Christo het van die onderwysers opmerkings gemaak soos: "Hierso moet julle leer en jul huiswerk doen. Dit is nie hier soos in julle skole nie."

"Ek en my vriende het besluit om met die hoof te gaan praat as 'n onderwyser wéér so iets sê.

"Hier's geen tension meer tussen die kinders nie," voeg hy by. "Dis maar soos altyd."

Marnus Smith, ook van Swakopmund, sê die oop skole is vir hom 'n probleem, "want hulle skep probleme".

"Dis moeilik met die swart kinders in die klaskamer, want ek kan nie met hulle kommunikeer soos met my pêlle nie.

"Alles verskil tussen ons en hulle. Ons is mos nie eintlik vir hulle nie, maar miskien is dit nie so 'n groot probleem nie – dis net ongemaklik."

Hy glo ook nie dat die situasie sal verander nie, "want buite die skool meng ons nie eintlik nie. Nee, ons sal seker nie pêls word nie, want ons woon nie saam nie".

Hy sê party van die swart kinders is baie teen die wit leerlinge gekant, "maar dit kom seker maar van altwee kante af".

Volgens hom hou party van die onderwysers ook nie van die oop skole nie, maar aanvaar dit maar so.

"Ek sal graag na 'n eksklusiewe wit skool wil gaan, maar kan dit nie bekostig nie – dis nou maar soos die land is en ek sal dit seker maar so moet aanvaar," sê Marnus.

Samuel Angolo van die tegniese afdeling van die Akademie in Windhoek is in standerd 9 en sê hy is baie bly die skole is oopgestel.

"Dit het sleg gegaan in die verlede. Ek het altyd begeer om na die wit skool te gaan, maar vir my was dit net 'n droom. Nou sien ek 'n mens kan maar droom."

HY VERTEL van Bantoe-onderwys: "Ons het skeinat en biologie gedoen en die mense het vir ons vertel van molekules en atome, maar daar was nie 'n laboratorium nie en ons het nie geweet hoe om eksperimente te doen nie. Ons het niks toerusting gehad nie – die regering het net sekere mense getel. Ons is nie getel nie."

Samuel is tans saam met wit kinders in 'n skool. "Ag, man, ons kom reg. Ons maak grappe en oordeel nie vir mekaar nie. Daar sal altyd mense wees wat nie van mekaar hou nie. Die een wit ou sê nou die dag vir my dat hy van my hou, maar nie die ander ou nie, want hy is 'n Afrikaner en die ander ou is Engels.

"Die wiel draai nou stadig, maar eendag sal dit loop."

Skoolhoofde van verskillende skole in Namibia het positief reageer op die oopstelling van skole.

Bertus Gouws van die Hoërskool Windhoek sê hy ondervind geen probleme sedert skole oopgestel is nie.

"Sosiaal het die kinders en onderwysers maklik ingeskakel. Enkeles sukkel met 'n akademiese agterstand, maar almal aanvaar dinge soos dit nou is."

Die skoolhoof van Goreangab Junior en Sekondêre skool, mnr Witbeen, sê die wortels van apartheid is reeds te diep vasgelê. "Ons sit nog in Namibia met die idees van verdeel en regeer. Ons geslag, die ouers en ouer kinders, sal eers moet doodgaan – ons sal dit nie maak nie. Die klein kindertjies sal – hulle sal aanpas. Die nuwe geslag sal dit maak, want hulle word nou groot en sal leer."

Hendrik Carstens, skoolhoof van die Laerskool Dr Van Rijn, se daar is geen rassekonflik in sy skool nie.

"Kinders is mos wonderlik en is seker die mees aanpasbare van alle mense. Hulle het baie gou ingeskakel met die oopstelling en ons ervaar geen probleme nie."

Een van die redes hiervoor, volgens hom, is die lang pad wat Namibia reeds kom met nie-rassigheid.

"Ons het die nuwe dinge sonder groot probleme aanvaar en gaan maar soos gewoonlik aan."

Hy sê dit is moeilik om die effek van die oopstelling nou reeds te bepaal.

"Die akademiese standaard gee vir party nuwe kinders nog maar opdraande en die sogenaamde wit skole is nog maar nuut vir party swart en bruin kinders, maar dit is oorkombaar."

Volgens hom is daar soms 'n taalprobleem. "Hoewel die swart en bruin kinders ook Afrikaans praat, is dit nie heeltemal dieselfde as die Afrikaans wat ons praat nie. Die sinsbou verskil soms."

Jan Basson, hoof van die Hoërskool Augustineum, sê daar was nog nooit enige beperkings op wie inskryf by sy skool nie.

"Natuurlik is dit 'n goeie ding dat skole oopgestel is – dis mos 'n normale ding en dit is soos dit hoort.

"Ja, dit is 'n nuwigheid vir baie mense, maar ons moet gewoond raak daaraan. Ons kan nou nuwe vriende maak en daar is nog maar skugterheid – 'n man soek mos maar sy eie vriende en omgewing op, maar dit sal verander."

VOLGENS die sekretaris van Opvoeding en Kultuur van Swapo en die aangewese minister van Opvoeding, Nahas Angula, was die probleme met die oopstelling van skole "meer emosioneel van aard".

"Ons het nog geen amptelike klagtes van rassekonflik ontvang nie – die oopstelling was eintlik 'n groot non-event. Daar was individuele gevalle van konflik waarvan ons gehoor het, maar ouers of onderwysers het nie eintlik gekla nie."

**(Met erkenning aan *Vrye Weekblad*)**